VRYPOS
Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 13 - Uitgawe 32
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

16 Oktober 2015

My gebed aan al die lesers vir die laaste kwartaal van 2015...

1. GEMEENTES BIED AAN:

BASAAR BY DIE KLIPKERK: Die **NG Gemeente Bloemfontein-Noord** se jaarlikse basaar vind **komende Vrydag 16 Oktober 2015 vanaf 16:00 tot 21:00** op hul terrein plaas. Gaan ondersteun hulle gerus en koop sommer jou aandete daar. Heerlike kerrie en rys, sosaties, worsbroodjies, hamburgers met "steers chips", potjiekos, 'n wynproe, lekker pannekoeke, asook poeding gaan beskikbaar wees om te koop en te geniet. Kom drink tee of koffie by die teetuin terwyl jy na die Vrystaatse Boeremusiekgilde kan luister. Vir die kinders is daar ook baie vermaak en die manne kan kom kyk na 'n motoruitstalling, waaronder ook die nuwe Honda CRV te sien sal wees.

NG MARQUARD SE *SONG OF PRAISE*: Hierdie musiekgeleentheid met wonderlike kerssang- en musiek, vind **Sondagmiddag 25 Oktober 2015 vanaf 15:00** in die gemeente se kerkgebou plaas. Koste is R70pp vir volwassenes en R30pp vir laerskoolkinders. Daar sal 'n volle orkes onder leiding van die dirigent Richard Cock optree, met die kore, *Canto Amici* en Hoërskool Fichardtpark onder leiding van Joanita Erasmus-Alt, sowel as die kerkkoor van NG Ladybrand-Noord, onder leiding van Ansie Naudé. Die soliste by hierdie geleentheid is Ella Kotzé en Mario Lategan en voorlesings sal deur die bekende omroeper Christo Olivier gedoen word – klik **hier** vir die volledige program. Vir navrae, skakel vir Daleen Henning by 051 991 0408 (k/u Ma-Vr 08:00 – 13:00).

NG VERKEERDEVLEI HOU 'N PLAASBASAAR: Op **Saterdag 31 Oktober 2015** vind hierdie geleentheid plaas op die **parkeerarea van die Game-sentrum te Fleurdal, Bloemfontein**. Gaan kuier gerus by hulle waar alles vanaf pannekoek, jaffels, lewerkoekies, basaarpoeding, vars plaashoenders en vele meer te koop aangebied sal word! Bestellings kan vooraf geplaas word vir lammers opgesaag en halwe lammers @ R60/kg, wors @ R55/kg en maalvleis @ R50/kg - beter kwaliteit sal jy nerens kry nie! Vir enige navrae, skakel vir Anso Steyn op 082 773 2612.

NG GEMEENTE BEDELIA GHOLFDAG: Klik **hier** vir 'n Gholf-borgvorm.

KERSMARK – LANGENHOVENPARK GEMEENTE: Voornemende uitstallers moet asseblief hiervan kennis neem! Hierdie gemeente bied **op 20 en 21 November 2015** 'n **Kersmark aan** in hul Gemeentesentrum (oorkant die kerkgebou). Daar is 'n beperkte aantal stalletjies beskikbaar teen R300 per stalletjie vir die twee dae. Slegs handgemaakte Kersgeskenke kan verkoop word - geen stalletjies met voedsel sal toegelaat word nie, aangesien daar 'n teetuin gaan wees. Aansoekvorms is by die kerkkantoor beskikbaar - skakel 051 446 2225 (weeksdae 08:00 – 14:00), of stuur 'n e-pos na **ngklhp@mweb.co.za**. **Aansoeke moet dié kantoor nie later as Vrydag 6 November bereik.**

2. UV - BEURSE VIR NAVORSINGSMEESTERGRADE EN DOKTORALE STUDIES IN 2016: Alle navorsingsmeesters- en PhD-studente wat in 2016 registreer, sal finansiering ontvang om hulle klasgelde te dek. Suid-Afrikaanse en internasionale studente mag ook aansoek doen. Finansiering aan meesterstudente is vir twee jaar beskikbaar en vir voltydse en deeltydse PhD-studente, onderskeidelik vir drie en vier jaar. Hernuwing van finansiering sal van die vorige jaar se akademiese vordering afhang. Om te kwalifiseer, moet studente aan al die akademiese vereistes van die UV voldoen en voorlopige toelating tot 'n akademiese program hê. Vir meer inligting oor nagraadse studie in Teologie, kontak Lyzette Hoffman by **hoffmanl@ufs.ac.za**

3. KOUGOMKAMP 2016: Kan julle glo dit is alweer tyd om hierdie gewilde kamp vir eerstejaars wat in 2016 by 'n tersiêre instansie in Bloemfontein wil studeer, te adverteer! Dié kamp word deur die **NG Studentegemeente Bloemfontein aangebied en dit sal vanaf 10 – 14 Januarie 2016 plaasvind**. Klik **hier** vir 'n volledige inligtingsboekie wat ook die registrasie/vrywaringsvorm, lys van items wat jy moet saambring, ensovoorts, bevat.

Die reëlingskomitee van Kougom Eerstejaarskamp 2016 beloof 100% samewerking van hulle kant om hierdie 'n onvergeetlike ervaring vir elke eerstejaar te maak! **Skryf sommer nou in!**

Gemeentes, bring asseblief hierdie inligting onder julle matrikulante se aandag!



4. JAARBOEK 2016 - BESTELVORM: Gemeentes en ander belangstellendes kan nou reeds begin om **bestellings by Bybel-Media te plaas** vir Jaarboek 2016 wat gedurende Januarie 2016 sal verskyn, klik **hier** vir die bestelvorm. **BELANGRIK! Geen bestellings word via die Sinodale kantore hanteer nie, gemeentes is self verantwoordelik om die nodige bestelling by Bybel-Media in te dien!**

5. PASTORALE BERADINGSKURSUS: Prof Wentzel Coetzer bied weer binnekort die kursus, *Pa-wonde* en *Pa-honger*, in Potchefstroom aan. Dit vind op **Saterdag 7 November 2015** plaas, klik **hier** vir meer besonderhede.

Vir alle inligting oor Shepherd-VBO kursusse, klik hier.

6. BEROEPENUUS: Ds Johan Bouwer van die NG Gemeente Kroonstad-Wes bereik binnekort sy amptelike aftree-ouderdom en sal einde Oktober 2015 demissie van die gemeente/kerkraad ontvang. *Ds Johan, Mag u elke dag die liefde en genade van God ervaar in hierdie nuwe fase van u lewe – dankie vir u diens aan God se kerk.*

7. VAKATURES:

- **ONTVANGSDAME & SKRIBA:** Die **NG Gemeente Heuwelsig, Bloemfontein** adverteer tans hierdie twee halfdagposte (Maandae - Vrydae 08:00 – 13:00). Die salarisskale is vanaf R5000 tot R8000 (onderhandelbaar) en datum van diensaanvaarding is 4 Januarie 2016. Applikante moet oor die nodige rekenaar-, administrasie- en kantoorbestuursvaardighede beskik. Die aanstellingskommittee sal voorkeur verleen aan lidmate van die NG Kerk en persone met kerkkantoorondervinding. Stuur 'n volledige CV met dekblad waarin aangedui word vir welke pos aansoek gedoen word, saam met 'n kort biografie van die applikant aan admin@ngkerkheuwelsig.co.za - **sluitingsdatum vir aansoeke is Sondag 18 Oktober 2015.**

- **PROPONENTSPOS VIR JEUGBEDIENING: Die NG Gemeente Stellenberg** (Sinode Wes- en Suid-Kaapland) bied hierdie twee-jaar kontrakpos aan waarin 'n proponent die geleentheid kry om in jeugbediening te ontwikkel. Klik **hier** vir volledige besonderhede – **die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 30 Oktober 2015, met diensaanvaarding vanaf 1 Januarie 2016.**

- **MAATSKAPLIKE WERKERS (VOL- EN HALFDAG): ENGO se Kinder- en Jeugsorgsentrums in Welkom** beskik oor hierdie vakatures – klik **hier** vir meer inligting – **sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 30 Oktober 2015.**

- **PSD: JEUG- EN FAMILIEBEDIENING:** Die **Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika (Wes- en Suid-Kaapland)**, maak die vakature in die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding bekend. Klik **hier** vir volledige besonderhede – **aansoeke moet vóór Woensdag 18 November 2015 aangestuur word.**

8. LYS VAN SENTRUMS VIR BEJAARDES IN VRYSTAAT: Vir 'n **handige lys** van al **ENGO se Sentrums vir Bejaardes in die Vrystaat**, klik asseblief **hier**. **Kerkkantore en leraars behoort dit byderhand te hou, aangesien daar vermoedelik heelwat navrae hieroor ontvang word.**

Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal.

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier – mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, genade en liefde wees:

17 Oktober:
Ds Barry van Wyk - PARYS-WES - 056 811 4948, 078 593 4449, blvanwyk@telkomsa.net
Ds Jacob Badenhorst - PARYS-SUID - 056 811 3201, 082 669 6707, jacobbad@xsinet.co.za

18 Oktober:
Ds Johan Bouwer - KROONSTAD-WES - 056 212 6282, 074 582 5037, jsbouwer@lantic.net

20 Oktober:
Dr Kobus Geyser - REITZ-WES - 058 863 1521, 084 503 5588, geysie@lantic.net

21 Oktober:
Ds Johan Orsmond - ODENDAALSRUS-OOS - 057 354 1982, 082 807 9587, johanorsmond@xsinet.co.za

11. TEN SLOTTE: *… en ook 'n wens vir al die boere wat smag na broodnodige reën!*

Groetnis tot volgende keer.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: kerkinfo@ngkvs.co.za
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719
Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**

AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK hier **(dit sal 'n fout wees!)**

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by kerkinfo@ngkvs.co.za – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

PASTORALE BERADINGSKURSUS - *PA-WONDE* EN *PA-HONGER*:

Oral waar ons rondom ons kyk (en ook in onsself), sien ons 'Pa-wonde' en 'Pa-honger'. Pyn vanuit die verlede met betrekking tot ons verhoudings tot ons vaders is dikwels die oorsaak dat talle Christene worstel met 'n verdraaide Godsbeeld en dit gevolglik baie moeilik vind om God die Vader intiem en naby te ervaar. Om 'n gesonde beeld van Hom te kan ervaar, sal ons dus eers ontslae moet raak van al die gebroke 'vader-filters' wat meeste van ons met ons saamgedra het die volwasse lewe in. In hierdie kursus fokus ons op hierdie tema onder andere vanuit die volgende perspektiewe:

- Die deurslaggewende rol van die Pa
- Geestelike en emosionele vaderskap
- Die belangrikheid van insig ten opsigte van jou Pa se verhaal (jou Pa is 'in jou')
- Emosionele vrylating uit tronke
- Om jou vaderverhouding te herbou
- Die Pa wat jy altyd graag wou gehad het

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwerstraat 19, Potchefstroom (net langs klein kragstasie)
Datum: Saterdag 7 Nov 2015
Tyd: 08:00 – 13:00
GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079
Koste: R250 pp (egpare: R350)
Handleiding te koop (opsioneel): R160 (posgeld: R40 ekstra)
VBO punte vir leraars: 5 punte

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by:
ABSA spaarrek: 9061802135
Takkode: 335138
Reknaam: SE Coetzer (bevestig dan asseblief daarna per e-pos)
Navrae: 083 660 0409 / 082 577 8810 / 018 2947457 (h) of e-pos wentzel7@mweb.co.za

TERUG NA INHOUD

VAKATURE - PROPONENTSPOS VIR JEUGBEDIENING, NG STELLENBERG:

Gemeenteprofiel: Stellenberggemeente is 'n makrogemeente in die Noordelike voorstede van Kaapstad met ongeveer 4250 belydende lidmate. Die jeugbediening bestaan uit ongeveer 1150 lidmate en die naskoolse en jongwerkende lidmate is 750.

Posbeskrywing: Dit is 'n twee-jaar kontrakpos waarin 'n proponent geleentheid kry om in jeugbediening te ontwikkel. Die suksesvolle kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik: goeie prediking, geestelike leiding aan jongmense kan bied, organisasievermoë, asook oor 'n passie vir tieners en naskoolse jongmense beskik. Aansoekers moet dinamies wees, eie inisiatief kan neem en binne spanverband kan saamwerk onder leiding van die jeugleraar. Toepaslike ervaring sal in jou guns tel.

Aansoeke en navrae: **Stuur 'n volledige CV met motivering en verwysings** aan Sunet Opperman by sunet@stellenberg.co.za
Rig navrae aan ds Anriette de Ridder (Jeugleraar) @ anriette@stellenberg.co.za, of skakel 021 976 4519
Sluitingsdatum vir aansoeke: **Vrydag 30 Oktober 2015**
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2016
Vergoeding: Vergoedingspakket is onderhandelbaar.

TERUG NA INHOUD

VAKATURES - MAATSKAPLIKE WERKERS (VOL- EN HALFDAG), ENGO KINDER & JEUGSORGSENTRUMS WELKOM:

Engo
Child & Youth Care • Kinder-& Jeugsorg

Posvereistes:
1. Graad in Maatskaplike Werk
2. Geregistreer by die SA Raad vir Maatskaplike Diens Professies
3. Rybewys
4. Afrikaans & Engels magtig, Sotho sal 'n voordeel wees

Voordele:
1. Salaris onderhandelbaar
2. 13de Tjek
3. Pensioenfonds
4. Verlof

Sluitingsdatum: **Vrydag 30 Oktober 2015**

Faks CV's aan: 057 352 9782
E-pos aan: christa@vironskinders.org.za
Navrae: Christa Maree tel 057 352 9782

Die werkgewer behou die reg om nie die vakature te vul nie.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD:

1. WERKSWINKELS & KURSUS:

SHEPHERD VBO-WERKSWINKELS: Klik hier vir meer inligting oor werkswinkels van gedurende Oktober en November 2015 aangebied word.

KURSUS VIR LIDMAATBEMAGTIGING: Hierdie kursus deur Arbinger: *Core at Work – We Change Mindset*, word by die **NG Gemeenste Senekal** aangebied op die volgende dae, **13 & 14 November**, *of* **20 & 21 November**, *of* **27 & 28 November 2015 vanaf 08:00 tot 17:00** (daagliks). Koste is R1500pp (sluit in aanbieding, kursusmateriaal en etes), verblyf uitgesluit. **Daar is slegs 20 plekke per kursus beskikbaar, u bespreekte plek word verseker sodra die volle bedrag inbetaal is**.

Betalingsbesonderhede:

Rekeningnaam: NG Kerk Senekal
Bank: ABSA
Rek nr: 124 014 5010 (lopende)
Takkode: 632 005
Verwysing: Datum van kursus wat u gaan bywoon
Stuur bewys van betaling saam met u naam, u gemeentenaam, sowel as volledige kontakbesonderhede aan ds Theo Oosthuyzen by **theo.explode@gmail.com** – u sal 'n e-pos ter bevestiging ontvang (navrae 082 388 5002).

Klik **hier** vir 'n dokument wat meer inligting oor hierdie kursus bied (*Annexure A and B*), of gaan klik op die volgende *video-clip* wat by 'n vorige konferensie opgeneem is,
https://www.youtube.com/watch?v=YyhOT3jCcR4

TERUG NA INHOUD

SHEPHERD VBO-WERKSWINKELS:

MENSE (ONS/EK) EN WAAR PAS EK (ONS/MENSE) IN, IN GOD SE STORIE?:

Aanbieder: Ds Gys van Schoor is predikant by Durbanville Moedergemeente. Hy is die inisiatief agter Die Sentrum vir Geloofsvorming wat landswyd die geloofsvormingsreis vir predikante begelei. Hy's ook die skrywer van die reeks wat gemeentes help op die pad van Geloofsvorming.
Datum: 19 - 20 Oktober 2015
Tye: Maandag 09:00 - 17:00 (middagete ingesluit); Dinsdag 09:00 - 13:00
Plek: UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein
VBO-punte: 20
Koste: R900.00
Registreer: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029

GEBOU OM TE HOU: BLOK 2 EMOSIONELE INTELLIGENSIE (EI) VIR EFFEKTIEWE BEDIENINGSGROEI/ONTWIKKELING: Die werkswinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, gemeenteleiers, sielkundiges, maatskaplike werkers en belangstellendes!
Aanbieders: Drs Annette Prins & Annette Weyers
Datum: 2 - 4 November 2015
Tye: Dag 1: 13:00 - 16:00, **Dag 2:** 08:30 - 16:00, **Dag 3:** 08:30 - 13:00
Plek: Teologiese Fakulteit, Kamer 120, UV - Bloemfontein
VBO-Punte: 20 per blok
Koste: R1 400.00
Registrasieproses: SMS D25150, naam en e-posadres na 31029. Vroeë registrasies ontvang 10% afslag indien u 'n maand vooruit betaal. **LW:** Aanbieding onderhewig aan getalle.

ROEPING GEROEP VIR BEDIENING – EN HOE DIE BEDIENING VANDAG BEHOORT TE LYK (Module 5, net soos Module 4, is oop vir almal wat belangstel):
Datum: 16 - 17 November 2015
Tye: Maandag en Dinsdag 09:00 – 16:00
Aanbieder: Dr Gerhard Botha
Plek: UV, Teologie Gebou, K21 – Bloemfontein
VBO-punte: 20

TERUG NA INHOUD